

Inhoudsopgawe

Hoe om hierdie Bybelstudie te gebruik	7
Sessie 1 Leef geliefd	9
Sessie 2 Leeg of vol?	37
Sessie 3 God se juk is vryheid	59
Sessie 4 Afgesonder	81
Sessie 5 Onthou God se teenwoordigheid	97
Sessie 6 Lesse van die olyf	119
Sessie 7 Bonussessie: Hersiening	137
Skrifindeks	141

Hoe om hierdie Bybelstudie te gebruik

Groepgrootte

Hierdie studie is ontwerp om in 'n Bybelstudiegroep, Sondagskool of kleingroep gebruik te word. Om seker te maak dat almal genoeg tyd het om aan die besprekings deel te neem, stel ons voor dat groot groepe in kleiner groepe van vier of ses mense ingedeel word.

Benodigdhede

Elke groeplid behoort haar eie eksemplaar van die Bybelstudie te hê wat aanwysings vir aktiwiteite en besprekingsvrae, sowel as persoonlike studies tussen die sessies om begrip te verdiep, insluit. 'n Eksemplaar van die boek *Uninvited* is opsioneel.

Tydsduur

Die tydaanduidings dui die *voorgestelde* tydsduur vir elke aktiwiteit of bespreking aan. Byvoorbeeld:

Individuele aktiwiteit: *Wat ek wil onthou (2 minute)*

Nakoming van die voorgestelde tye sal julle in staat stel om elke sessie binne 90 minute af te handel. As julle net een uur vir julle byeenkoms het, kan julle minder vrae bespreek.

Julle kan dalk ook kies om twee byeenkomste aan elke sessie af te staan. Buiten dat dit meer tyd toelaat vir besprekings, gee dit groeplede ook meer tyd om die persoonlike studie tussen byeenkomste te doen en die ooreenstemmende hoofstukke in die boek *Uninvited* te lees as hulle die boek het. Dit is egter nie noodsaaklik om wel die boek te hê nie.

Fasilitasie

Elke groep moet 'n fasiliteerder aanwys wat daarvoor verantwoordelik is om 'n oog op die horlosie te hou tydens besprekings en aktiwiteite. Fasi-

liteerders kan vrae ook hardop voorlees en die besprekings monitor, deelnemers aanmoedig om te reageer en verseker dat almal 'n kans kry om deel te neem.

Persoonlike studies

Verhoog die impak van die studie met die bykomende studies tussen die sessies. Daar is ses persoonlike studies vir elk van die sessies. Buiten vir sessie 6 wissel hierdie studies af tussen dae wanneer die klem daarop val om na jou persoonlike lewe en die Skrif te kyk en dae wanneer die klem val op die hoofstukke in die boek *Uninvited*.

Leef geliefd

Leef uit 'n diepe versekering dat jy volkome liefgehê word, dan sal jy nie smee vir ander se stukkies afskeep-liefde nie. Leef geliefd.

Voorgestelde leeswerk voor die byeenkoms:

Uninvited hoofstuk 1-3

WELKOM

Welkom by sessie 1 van hierdie Bybelstudie. As dit die eerste keer is dat julle as groep bymekaarkom, neem 'n paar minute om julleself aan mekaar voor te stel voordat julle met die studie begin.

OPSIONELE BESPREKING:

Basiese definisies (10 minute)

Gebruik hierdie bespreking as die tyd dit toelaat of as julle groep vir twee uur bymekaarkom.

Kies een van die volgende vrae om te beantwoord:

As jy 'n definisie vir *liefde* moes gee, wat sou dit wees?

As jy 'n definisie vir *verwerping* moes gee, wat sou dit wees?

GROEPBESPREKING:

Geluksaligheid: Wat sê die Bybel? (10 minute)

As julle groep vir twee ure bymekaarkom, laat 20 minute toe vir hierdie bespreking.

Jesus se Bergpreek is 'n vervulling van 'n profesie, want Jesaja 61:1 sê: “Die Gees van die oppermagtige HERE het op my gekom. Die HERE het my gesalf om goeie nuus te bring vir arm mense.” Die woord “arm” verwys hier eintlik na die armes van gees, of dié wat ly, of nederig en sagmoedig is. Jesus het gekom om vir ons te sê Hy bring goeie nuus te midde van die harde werklikheid. Lees Matteus 5:1-16 hardop. Laat lesers mekaar elke klompie verse afwissel en hoor hoe Hy tot ons harte spreek wat so desperaat is vir aanvaarding.

¹Toe Jesus die groot skare mense bymekaar sien, het Hy teen die berg uitgeklim. Toe Hy gaan sit, kom sy dissipels na Hom toe. ²Hy het begin om hulle soos volg te onderrig:

³“Gelukkig is dié mense
wat weet hoe nodig hulle God het,
want die koninkryk van die hemele is hulle deel.

⁴Gelukkig is die treurendes,
want God sal self hulle tranes afvee.

⁵Gelukkig is dié wat sag van hart is,
want die nuwe aarde sal hulle erfporse wees.

⁶Gelukkig is dié wat honger
en dors na wat voor God reg is,
want Hy sal hulle hartsverlange bevredig.

⁷Gelukkig is dié wat met ontferming
uitreik na mense in nood,
want God sal Hom oor hulle ontferm.

⁸Gelukkig is dié wie se harte
volkome op God gerig is,
want hulle sal vir God sien.

⁹Gelukkig is die vredemakers,

want God sal vir hulle sê:

‘Julle is my kinders.’

¹⁰Gelukkig is dié wat vervolgt word

ter wille van wat voor God reg is,

want die koninkryk van die hemele is hulle deel.

¹¹“Gelukkig is julle wanneer julle bespot en vervolgt word en allerhande leuens oor julle versprei word omdat julle my dissipels is. ¹²Wees bly, ja, jubel daaroor, want God sal julle ryklik daarvoor beloon. Onthou, so het hulle die profete voor julle ook vervolgt.

¹³“Julle is die sout wat die aarde ’n beter plek moet maak. Maar as die sout verslaan het, kry jy dit op geen manier weer sout nie. Dit is totaal onbruikbaar. Al waarvoor dit goed is, is om buite op die straat uitgegooi en deur die mense platgetrap te word. ¹⁴Julle is die lig wat die wêreld moet verlig. ’n Stad wat bo-op ’n berg lê, kan mos nie weggesteek word nie! ¹⁵’n Mens steek ook nie ’n lamp op en maak dit onder ’n emmer toe nie. Inteendeel! Jy sit dit bo-op ’n lampstaander. Dan maak dit lig vir almal in die huis. ¹⁶Julle moet so voorbeeldig lewe dat julle ’n helder lig sal laat uitstraal. Dan sal die mense dit sien en julle hemelse Vader daarvoor prys!”

1. Wie sê Jesus is gelukkig? Wat verras jou van die lys?

- Hoekom kan ons hierdie mense gelukkig noem, alhoewel hulle omstandighede dalk nie baie gelukkige gevoelens aanwakker nie?

Die Griekse woord *makarios* kan vertaal word met “geseënd”. Dit kan ook vertaal word met “gelukkig” of “voorspoedig” as daar na die dieper betekenis van daardie woorde gekyk word. “*Makarios* is ’n staat van bestaan in verhouding tot God waarin die persoon vanuit God se perspektief ‘geseënd’

is selfs al voel hy of sy nie regtig gelukkig nie of ervaar hulle nie op die oomblik veel voorspoed nie.” Jesus moedig sy luisteraars nie aan om ’n lewe te leef wat seën waardig is nie. Hy sê die mense van wie Hy praat, is reeds geseënd. “Negatiewe emosies, die afwesigheid van emosies of ongunstige omstandighede kan nie die seën wegneem van dié wat in ’n verhouding met God leef nie.”¹ Jesus sê vir sy luisteraars hulle kan geseënd wees al voel hulle nie goed nie. Hulle kan leef as geliefde en geseënde mense ongeag hulle omstandighede.

1. Michael J. Wilkins, *The NIV Application Commentary: Matthew* (Grand Rapids: Zondervan, 2004), 204

- In hoe ’n mate is jy tans geseënd?

- Hoe sal jou daaglikse lewe anders wees as jy oortuig leef dat jy geseënd is, dat die koninkryk van die hemel aan jou behoort, dat jou honger versadig sal word, dat die Skepper van die heelal jou liefhet?

2. Lees Matteus 5:11-12.

¹¹Gelukkig is julle wanneer julle bespot en vervolgt word en allerhande leuens oor julle versprei word omdat julle my dissipels is. ¹²Wees bly, ja, jubel daaroor, want God sal julle ryklik daarvoor beloon. Onthou, so het hulle die profete voor julle ook vervolgt.

- Wat sê God se Woord oor tye wanneer ons uitgesluit, eensaam of minderwaardig voel?

3. Lees Matteus 5:14-16.

¹⁴Julle is die lig wat die wêreld moet verlig. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan mos nie weggesteek word nie! ¹⁵'n Mens steek ook nie 'n lamp op en maak dit onder 'n emmer toe nie. Inteendeel! Jy sit dit bo-op 'n lampstaander. Dan maak dit lig vir almal in die huis. ¹⁶Julle moet so voorbeeldig lewe dat julle 'n helder lig sal laat uitstraal. Dan sal die mense dit sien en julle hemelse Vader daarvoor prys!

- Sien jy jousef as die lig van die wêreld? Hoekom of hoekom nie? Hoe beïnvloed jou persepsie van jousef hoe jy ander mense behandel?

4. Lees Matteus 6:26-27.

²⁶Hou die voëls wat daar vlieg dop. Hulle saai nie, hulle oes nie, en hulle maak nie in skure bymekaar nie. Dit is onnodig, want julle hemelse Vader gee aan hulle hulle kos. Besef julle dan nie dat julle vir God nog baie kosbaarder is as hulle nie? ²⁷Kan al julle bekommernis julle lewe een sekonde langer rek?

- Dalk het die Skepper die voëls se migrasie beplan juis vir die oomblik waarop Hy na die voëls sou wys om sy boodskap te illustreer. Dit is hoe belangrik sy luisteraars vir Hom is. Glo jy dat God jou so liefhet dat Hy dieselfde vir jou sal doen?

- Wat sê hierdie gedeelte oor God se diep liefde vir jou?
